

Skriflesing: Mattheus 11:2-6

Teks: **Mattheus 11:3,6**

Sing- Ps. 40:2; Ps. 119:17; Ps. 42:5; Ps. 85:4

Mat 11:2 En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur

Mat 11:3 en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?

Mat 11:4 En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien:

Mat 11:5 blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig.

Mat 11:6 En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.

Skriflesing: Mattheus 11:2-6

Teks: **Mattheus 11:3,6**

Sing- Ps. 40:2; Ps. 119:17; Ps. 42:5; Ps. 85:4

Die bloed van Bloedrivier en die bloed van Jesus Christus. Broeder en suster, wat het bloed, hierdie bloed vir mekaar te sê, want bloed het 'n stem. Dit sê die Here al vir Kain... *die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af* (Gen. 4:10). Daar vloei baie bloed op hierdie aarde. Mense wat vermoor word, dit het hierdie jaar weer so baie gebeur. Elke keer ruk dit ons hoeveel mense net in een jaar vermoor word. Heelwat hofsake is die getuie van wat gebeur, waar bloed met ons praat. Die Chanelle Henning saak, die Oscar Pistorius-saak, die Steenkamps van Griekwastad... Daar is so baie ander...

Wanneer die slag van Bloedrivier plaasvind, 16 Des 1838 dan herinner dit mens elke keer aan die verskriklike ironie wat nie maar verbygegaan kan word nie, want 16 Des 1838 was 'n Sondag. Ons Here het op so 'n Sondag uit die dood opgestaan, op 'n Sondag het die Here die dood oorwin terwyl ons voorouers op die Sondag van 16 Des 1838 met baie bloed te doen gekry het. In die mate die rivier word hierna Bloedrivier genoem . Eintlik 'n geweldige spanning, 'n paradoks waarbinne ons voorouers verkeer het, want op die dag wat eintlik van die lewe getuig, moes hulle die bloedige dood in die gesig doodstaar. Die dag waarop Jesus sy lewe kon bewys, Hy het uit die dood opgestaan, die bloed is afgegee, op so 'n dag moes ons voorouers die dood in die gesig staar waar duisende impi's daarop gerig was om hulle dood te maak sou hulle nie gedood word nie.

Bloukrans, Moordspruit, Wenen, Italeri, ag dit is maar enkele plekke wat wys hoe swaar en hoe wyd die dood tot ons voorouers gespreek het. Waar Retief en sy gevolg van 70 op 6 Feb. 1838 deur Dingaan vermoor is, was dit skaars 10 dae later, op 17 Februarie gebeur Bloukrans en Moordspruit dit in die nag, waar 185 kinders, 100 volwassenes wreed vermoor is, u weet

van die kindertjies wat teen die wawiele doodgeslaan is... Die jaar 1838 'n verskriklike jaar gewees, 'n jaar waarin die geskiedenis van daardie jaar ons lank besig kan hou.

Ons vier in 2013 Gelofte dag, ons kom nie weg van hoe ons mense vermoor word nie. Op die plase en in die landelike gebiede voel dit 'n mens dat wat met ons voorouers gebeur het hou net nie op nie. Die navorsing van Chris van Zyl, Ilze Nieuwoudt en Dirk Hermann gee gestaafde getuienis van 3319 opgetekende gevalle van aanrandings, verkragtings en moorde wat op Afrikaners, meestal op plase, van 1990 tot 2012 uitgevoer was. Tel 2013 by dan is die gemiddelde getal vir die afgelope 12 jaar amper 280 gevalle per jaar, met hierdie tendens dan staan ons by 3600 sulke aanvalle...!

Wanneer hierdie harde werklikhede en groot verskrikkinge tot ons kom, broeder en suster, dan besef ons dat 'n mens gevaarlike vrae kan vra. Hou die Here werklik sy hand oor ons, vrae wat jou en my laat worstel. Johannes die Doper, die kroonprins onder die profete, Jesus het oor hierdie Johannes wonderlike dinge gesê: *II Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie...* (Matt.11:11). Hierdie Johannes vra van die gevaarlikste vrae wat gevra kon word- *Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?* 'n Vraag wat mens laat skrik. 'n Vraag so gevaarlik dat ons besef hiermee plaas Johannes eintlik sy hele lewe onder 'n vraagteken.

Hoe gevaarlik om my lewe, om my geloof, om my hele bestaan eintlik met 'n enkele vraag onder 'n vraagteken te plaas. Johannes, ja hierdie Johannes die Doper is dan die Een wat so duidelik Jesus kon aanwys, daar is die Lam, hy wat in die woestyn sy koms geprofeteer het soos niemand dit nog kon doen nie, tot op die dag van Jesus se doop dan wys sy vinger reguit na Jesus toe, Hom wat hulle moes verwag, Hy is hier, Hy het gekom, hier is Hy *die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem* (Joh.1:29).

Dit wat Johannes toe gesê het, dit wat hy nou vir Jesus vra, hoe gespanne is dit nie?! Hoe kan hy so iets vra. Broeder en suster, laat ons stadig wees om te maklik hom te verwyf. Die man vir wie 'n huis en 'n stad te klein was, want die groot dinge wat hy oor die Here wou sê het hy die woestyn agter hom moes hê. Niks moes hom kon inperk nie, nou is hy ingeperk nie in 'n stad of 'n huis nie, ingeperk tot 'n enkele sel. Hy is in die gevangenis, hy wat groot dinge oor die Here gesê het, die Here laat klein dinge oor hom kom... Is dit klein?!

Ja en nee, want weet ons Johannes het in die tronk beland oor hy so reguit en onverskrokke maar net die koninkryk van God verkondig het. Hy het vir die koning oor sy korrupsie en sy onsedelike lewe aangevat, die koning wat 'n vrou geneem het wat aan hom nie mag behoort nie. Johannes het 'n reguit en oop pad in die woestyn wou loop, maar die sondaars van hierdie wêreld hou nie van reguit paaie nie... Die sonde hou van ruigtes, afdraai-paaie wegsteekplekke! Die ander man se sondes, Herodes se sondes laat Johannes in die tronk beland. Agter die tronkmure is Johannes met die vrae besig wat mens laat voel dit wat ek ervaar en dit wat my verwagtinge is, is besig om drasties teen mekaar te bots.

Wanneer ons in die tyd praat van engele wat vrede kon aankondig dan mag ons dalk vra maar waar is die vrede. Vloek die feite van ons ervaring nie al te veel teen die vrede waarvan die engele sing nie. Is Jesus die Een wat sou kom, indien nie, Wie is Hy dan? Dit moet ons ruk dat dit Johannes is, hierdie Johannes die Doper, wat ook kon twyfel... Hy van alle mense, maar van alle mense is hy ook 'n mens. Een soos ons! Hy het geweet wat in Jesaja 6 staan... die belofte in Jesaja wat vrylating vir die gevangenes aankondig. Hoekom nou ek wat moes tronk-toe... ek wat nie gesteel het nie, ek het nie gekonkel nie, ek het net die koninkryk verkondig, die koninkryk in sy volle betekenis en konsekwensies. Tog moes Johannes tronk-toe, daar gebeur nog swaarder dinge, sy kop op 'n skinkbord ...want die wreedheid van die mens het Herodes se vrou bewys. Vroue monde, vroue gekonkel wat die kop eis, vrouehande wat die skinkbord met sy kop daarop die rondte laat doen.

Broeder en suster en dit terwyl Johannes se ganse bestaan, sy hele lewe het om Jesus gedraai. As hy in die tronk hierdie vreeslike vraag vra, vreeslike vrae wat sy gemoed sou deursuur, ja bittere soutsuur-vrae wat nie net deur klere kan brand nie, maar die soutsuur van Johannes se vraag vreet die hart op ... *Is U die Een wat sou kom...* Die vraag vreet mens op, want is dit eintlik 'n krisis-vraag. Johannes wat byvoeg *moet ons 'n ander een verwag*. En dan Jesus se antwoord... Dit wat Johannes in die antwoord sou soek is dit wel geantwoord, want antwoord Jesus dit nie met 'n ja of 'n nee nie, wat die Here sê is waarmee Johannes sy lewe mee moes afsluit? Die Here sê aan Johannes by monde van die twee dissipels: *Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: 5 blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig. 6 En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.*

Hierdie antwoord wat Jesus gee is die dinge wat Johannes kon sê, maar ek weet dit, ek weet u doen al hierdie dinge. Dit is juis omrede u sulke dinge doen wat my my krisis veroorsaak. Dit is juis hierdie dade van liefde, blindes sien weer, kreupeles loop weer, melaatses is gereinig, dowes hoor, dooies ontvang die lewe, armes hoor die Woord, ja dit sou die krisis vir Johannes in die tronk kon word dat doen Jesus werklik wat ons van Hom verwag. Is Hy nie te veel met barmhartigheidswerk besig nie, terwyl Hy eintlik eerder geregtigheid moet laat geskied. Hy moet ons vyande straf. Jesus moet nie soveel liefde bewys nie, Hy moet eerder die byl laat kap (Matt3:10) en die weerlig laat blits, die swaard laat swaai en die kaf laat brand. Hy moet bewys hoe sterk Hy is. Hy moet nie bewys hoe sy liefde eintlik sy krag is nie.

Broeder en suster, dit is wat ons baie keer so in die moeilikheid bring wanneer Jesus se styl ons nie aanstaan nie. Dit bring verwarring en onsekerheid soos wat met Johannes die Doper gebeur het en dit is 'n verwarring waarmee ons baie moeite kan ondervind. Wanneer Jesus vir Johannes antwoord dan wys Jesus op die dinge wat Hy reeds gedoen het, klomp van die dinge staan in Mattheus 1-10... dit wat van Jesus gehoor is, dit wat van Hom gesien kon word, dit wat Hy beskryf, dit is gesagvolle woorde wat reeds gesprek is, dit is magtige dade wat reeds gedoen is. Dink aan die bergrede, daardie besondere woorde, dink aan al die genesings, die wonders, alles dinge wat wys op sy gesag, in woord en daad, maar hierdie dinge maak dit vir Johannes moeilik. Hoe kan ek U nog glo... hoe kan ek weet om U nog te bly glo... *Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?*

Hoe ons Jesus se koms en sy werke moet verstaan, sy woorde, sy dade, is om aan Hom vas te hou, nog vóór ek oor enigiets anders handel... *salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie...* Hierdie saligspreking staan seker nie los van die ander saligsprekinge van Mattheus 5 nie. Dit word net nog duideliker en belangriker wat die Here kom doen het en wat die Here bedoel het as Hy sê - *9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.* Jesus se antwoord aan Johannes bewys watter tipe vrede Jesus se koms gebring het wat ons nie met ons definisies van vrede sommer maklik uitgemaak en afgehandel kan beskou nie. Ons sien vrede baie keer as die afwesigheid van geweld, as my hart nie meer teen my vyande kook nie, ek haat nie die ander mens nie, dan wil ons onself wysmaak ek het darem iets van 'n vrede bereik. Dit is nie die vrede wat die Here Johannes wil aantoon nie.

Nee, die vreemde vrede wat die Vredevoers bring staan vyandig teenoor die onvrede sowel as die vrede van hierdie wêreld. Jesus het nie vrede met hoe ons baie keer vrede tipeer nie. Joh. 14 brei duidelik hierop uit- *27 Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie.* Die vrede wat Jesus sê dat Hy bring, kan u dit indink, dit is 'n vrede wat vir mense, selfs iemand soos Johannes, kan aanstoot gee...*salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.* Die woord aanstoot *σκανδαλισθῆ* (skandalizo) staan dikwels teenoor Jesus uitgespreek. Sommige teoloë beweer dat net in die drie Evangelies is daar 23 keer sprake dat mense teenoor Jesus aanstoot geneem het, Hom as skande gesien het, iets van 'n struikelblok. (Ons het verlede Sondag al gewys op hoe die Jode Jesus en die kruisiging dit vir hulle 'n aanstoot is, 'n skande, 'n struikelblok). Jesus en die vrede wat Hy verkondig, die vrede wat Hy bring, dit maak dat mense aan die vrede van God maar ook aan die God van vrede aanstoot kan neem.

Nooit is Jesus bekroon met 'n Nobelprys vir vrede nie, nee Hy is later oor die vrede wat Hy verkondig, onder 'n doringkroon geplaas, sy vrede het die kruis vir Hom beteken. Hy word 'n gekruisigde Verlosser- (hoe vreemd tog!) dit laat mens besef die unieke van die vrede en die werke wat Hy gedoen het. Dit maak dit soveel meer merkwaardig as Hy sê... *salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.* Dit is so maklik om Hom nie te verstaan nie, dit is so maklik om aan Hom aanstoot te neem. Johannes die Doper het dit oorgekom! Dit word al hewiger. As Jesus gekruisig hang, dan vra Hy die verskriklikste vraag wat daar gevra kan word- *My God, my God waarom het U my verlaat...* Die teoloog Noordmans maak hier 'n stelling wat mens ruk want sê hy as Jesus hierdie woorde tot sy Vader uiter, van waarom het U my verlaat, dan is dit asof Jesus in hierdie oomblikke Homself nie herken nie ... die vraag aan sy Vader kan per implikasie die vraag wees... **IS EK DIE EEN WAT SOU KOM...** En nou weet ons aan die kruis het die Vader Hom nie geantwoord nie, maar daardie Sondag het Jesus klaar 'n antwoord. Jesus se opstanding is sy Vader wat sê JA, dit is Jy wat moes kom... Hy is die Een wat moes kom...

Wanneer ons op die vooraand van Gelofte dag oor die werk en bloed van Jesus praat, broeder en suster, dan besef ons wie in die vrede van God vrede wil vind moet in Christus wees, moet aan Hom geen aanstoot neem as Hy vir jou en my sê dat ons liefde vir die vyand moet betoon nie. Ja, u het reg gehoor ons moet ons vyande liefhê. U en my liefde, dit moet eintlik ons krag in die Here wees. Wanneer die Heilige Gees oor die wêreld uitgestort word dan moet die vrede wat Jesus verkondig het, die vrede wat Hy kom bring het, nie wees soos die wêreld

vrede verstaan nie, maar die saligsprekinge bind ons aanmekaar want *salig is die vredemaker, want hulle sal kinders van God genoem word*, sluit in, die vredemakers kan alleen hulle wees wat *honger en dors na die geregtigheid*. Vrede en geregtigheid kan mekaar nie uitsluit nie. Dit is twee sye van dieselfde saak. Hoe treffend staan dit in Psalm 85:11- *Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar; geregtigheid en vrede kus mekaar*.

Ons gaan die Gelofte dag tegemoet met die wete in hierdie wêreld gaan ons baie keer baie swaarkry. Ons voorgeslag het dit deurleef. Tog het die geregtigheid van 16 Des 1838 nie die mens, ons volk se geregtigheid moes word nie, maar daardie oorwinning het hulle as God se reg en God se oorwinning beskou. Dadelik het die saligspreking weer gegeld dat as die reg spreek dan moet die liefde ook seëvier. Daar is nie met haat na vergelding gesoek nie, nee daar is met trou na vrede gesoek ... *geregtigheid en vrede kus mekaar* 'n Moeilike pad, dikwels die een waarop dit mag voel, ek swem stroomop, God se vrede is nie hoe die wêreld die vrede verstaan nie. Die ware gelowige sien Jesus wonders doen en genade betoon aan mense wat ek sou wou dat die Here dit nie moet doen nie. Tog het niemand die Here gekeer nie en salig is die wat dan nie aan die Here aanstoot neem nie. Sy krag is in sy liefde. Dit is 'n wonder en teken van baie van sy wonders.

Ons wat die gelofte by Bloedrivier weer hoor besef die bloed van Bloedrivier het, kon ophou vloei want die bloed van Golgota het gevloei. God wil dat in Hom die geregtigheid en die vrede mekaar in hierdie land moet ontmoet. In trou moet daar na vrede gesoek word. Maar dan moet ons aan God getrou wees. 'n Land wat oorloop van geweld, moet 'n slag net besef die slag wat op 'n Sondag was, het gesmag dat daar vrede moet wees, die vrede van Hom wat Johannes ook moes verstaan. Goedertierenheid en trou kan mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede moet mekaar omhels...

AMEN